


# Ark Blitz



## *Les 17 - LUISTER KINDERS VAN DIE HERE*

*Maat Lees: Deut 6:1-15*

Die Here se liefde is soos die grond en water waaruit 'n groot boom groei. Toe Hy Israel uit Egipte gaan haal het, het hierdie boompie begin groei. Toe Hy Israel in die woestyn versorg het, was dit of die boompie al groter word. Die Here het sy wil in tien gebooie (groot 'woorde') vir Israel gegee – dis soos tien groot takke wat uit die boom se stam (die liefde van God) sou groei, met allerhande klein takkies wat name gekry het soos voorskrifte, bepalings, wette, verordeninge, bevele...




Ons weet nie eers vandag presies hoe alles gewerk het, want partykeer het hulle een van die takkies (soos 'verordeninge', of 'wette', of 'gebooie' …) gebruik om na die hele boom te verwys. Omdat al hierdie 'takkies' uit die een stam groei, kan 'n mens sê dit verwys almal na dieselfde groot stam: God se wil. En wat is God se wil? Dit is dat sy liefde in mense se lewens moet kom sodat hulle weer kan liefhê.Wanneer ons na hierdie hele groot Wet-boom kyk, wys dit iets: Die mense is vas aan God (verbind/verbond) en daarom ka 'n hulle nie maak soos hulle wil nie. As die takke los van die boom is, gaan dit eintlik dood of is dit 'wild' en groei nie soos die boom nie, en dra ook nie die boom se vrugte nie. Solank die takke vas aan die boom is, vloei die Here se liefde en seën deur hulle. Die Here is dus die enigste 'wortel' vir hierdie boom. As Israel dink hulle kan soos takke op 'n ander wortel wees (vas aan afgode), gaan dit sleg gaan met hulle, want afgode bestaan eintlik nie. Dis net goed wat mense uitgedink het. Hulle kan jou nie liefhê en seën nie. Een van die groot dinge wat dus in elke gesin en familie en groep huismense moes gebeur, was om mekaar gedurigdeur te herinner dat ons aan die Here vas is en dat sy wil/ sy liefde deur ons na ander mense toe moet gaan. Soos wat 'n mens 'n swaard gereeld skerp maak, so moet mense gereeld praat oor God se liefde en sy wil en hoe 'n mens dit in jou lewe kan wys.Wanneer Moses en God se mense vorentoe kyk en hulle weet God gaan in die nuwe land vir hulle voorspoed gee, mag hulle nie vergeet dat dit Hy is wat nog steeds die wortel van die boom is nie. Om aan Hom vas te wees, beteken dat daar 'onverdeelde trou' moet wees: Net aan Hom vas, dag na dag na dag …Nadat Jesus gekom het, kan 'n mens sê Hy is nou soos die stam van hierdie boom wat ons aan God die Vader verbind. Hy is nou in die middel tussen ons en die Vader en bind ons vas aan die Vader. Eers was daar die groot WET met baie takkies – dinge wat die mense nie kon regkry nie. Toe kom Jesus. Jesus is vas aan sy Vader en daarom het Hy sy dissipels genooi om Hom te volg, d.w.s om te leef soos wat Hy leef. Nadat Hy weg is het Hy sy Gees gestuur om in ons te kom werk en ons te help om met liefde te leef.As ons dit nie regkry dat die liefde van God deur ons na ander toe vloei nie, mag ons nie nie moed opgee nie. Dan praat ons met Jesus daaroor en vertel Hom (erken) hoe sondig ons is en hoe ons sukkel. As ons dit regkry om liefde te wys, mag ons nie daaroor spog nie – dis eintlik God se liefde wat Hy deur die werk van die Heilige Gees deur ons stuur.